Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 577 Pretoria, 17 July Julie 2013 No. 36675

PART 1 OF 3

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL NOTICES

NOTICE 750 OF 2013

DEPARTMENT OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES

The Minister of the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries hereby publishes the final:

(i) General Policy on the Allocation and Management of Fishing Rights: 2013 (Schedule A); and

(ii) 2013 Fishery Specific Policies for Demersal Shark, Hake Handline, Kwazulu-Natal Prawn Trawl, Oyster, Squid, Traditional Linefish, Tuna Pole-Line and White Mussel (Schedule B),

for general information.

SCHEDULE A

GENERAL POLICY ON THE ALLOCATION AND MANAGEMENT OF FISHING RIGHTS: 2013

DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

KONSEP HERSIENE ALGEMENE BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN VISVANGREGTE: 2013

HIERDIE BELEID MOET GELEES WORD TESAME MET DIE SPESIFIEKE BELEID VAN TOEPASSING OP VISSERYE

(beskikbaar by www.daff.gov.za)

This document is also available in Afrikaans, isiXhosa and isiZulu

Hierdie document is ook in Afrikaans, isiXhosa, en isiZulu beskikbaar

Lencwadi iyafumeneka nangolwimi lwesiBhulu, lwesiXhosa nolwesiZulu

Lencwadi iyatholakala nangolwimi lwesiBhulu, lwesiXhosa nolwesiZulu

Inhoudsopgawe

DEEL A: INLEIDING EN AGTERGROND 5

1. Inleiding 5

2. Toepassing van die Algemene Beleid 5

3. Beginsels en Doelstellings 6

4. Sleutel Regeringsbeleid 6

4.1.1 Die Nasionale Ontwikkelingsplan 7

4.1.2 Die Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan (GGOP) vir Landbou, Bosbou en Visserye 7

4.1.3 Die Nuwe Groei Rigting (NGR) 7

4.1.4 Die 2012 Industriële Beleidsaksieplan (IBAP) 7

4.1.5 Die Omvattende Landelike Ontwikkelingsplan 8

DEEL B: TOEKENNINGSBEGINSELS EN PROSES 9

5. Die toekenning van Visvangregte 9

5.1 Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne Wet 18 van 1998 9

5.2 Die wetlike aard van die Visvangregte 9

5.3 Kern Toekenning en Bestuursoorwegings 10

5.4. Proses van toekenning bepaal deur Groepe 12

5.5 Voorlopige lyste 14

5.6 Multivlak betrokkenheid 15

5.7 Deelname van aansoekers 15

5.8 Ontwerp van toekenningskriteria 15

5.9 Inligtingsoorweging 15

5.10 Oproep tot verdere inligting, ondersoeke en konsultasies 17

5.11 Ondersteuning vir gedelegeerde gesag 17

5.12 Kennisgewing van besluite en redes 17
5.13 Appèlle 18
5.14 Toegang tot inligting 18
6. Kriteria gebruik in die besluitnemingsproses oor toekenning van regte 19
6.4 Uitsluitingskriteria 19
6.5 Balanseringskriteria 20
6.6 Valbyl faktore 21
6.7 Kriteria gebruik in die toekenning van kwantum of beywering 21
DEEL C: OORKRUIS BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN REGTE 22
7.1 Duur van regte 22
7.2 Vorm van regte-houer 22
7.3 Billike Arbeidspraktyk 22
7.4 Vaardigheidsontwikkeling 23
7.5 Regstellende Aanstelling 23
7.6 Korporatiewe Sosiale Belegging 23
7.7 Nuwe aansoekers 23
7.8 Papierkwotas 24
7.9 Finansiële prestasie 24
7.10 Betaling van heffings 25
7.11 Nakoming 25
7.12 Visvang prestasie 25
7.13 Belegging 26
7.14 Waardetoevoeging 26
7.15 Ondernemingsontwikkeling 26
7.16 Werkskepping 26

7.17 Plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geografiese oorwegings 27

7.18 Vaartuie en vissery-inspanning 27

7.19 Veiligheid van personeel en bemanning 28

DEEL D: OORKRUIS BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN KWANTUM OF BEYWERING 29

8. Beleidsoorwegings 29

DEEL E: BELEIDSOORWEGING 29

9. Beleidsoorweging 29

10. WOORDELYS 30

DEEL A: INLEIDING EN AGTERGROND

1. Inleiding

1.1 Hierdie ***Algemene Beleid oor die Toekenning en Bestuur van Visvangregte*** word uitgereik deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye en sal na verwys word as die "***Algemene Beleide***". Die Algemene beleid moet gelees word in samewerking met die beleidskrifte waarna verwys sal word as die "***Vissery-spesifieke beleide"*** of "***Sektorale spesifieke beleide***" wat aanvaar is vir elke vissery sektor. 'n Aantal kwessies word in die Algemene beleid mee gehandel wat relevant is ten opsigte van al die verskillende visvangsektore gelys in paragraaf 2. Hierdie oorkruis beleidsoorwegings omvat ook die inhoud van die Vissery-spesifieke beleide, waarin die Minister se spesifieke oogmerke uiteengesit word met betrekking tot die toekenning van regte in elke soort visserysektor. Potensiële aansoekers en geïnteresseerde partye moet hierdie Algemene Beleid lees in samehang met die toepaslike Vissery-beleid.

2. Toepassing van die Algemene Beleid

2.1 Die Algemene Beleid het betrekking op:

(a) Die toekenning van regte in die volgende visserysektore: Diepsee Stokvis Treilvissery, Aanlandige Stokvis Treilvissery, Marsbanker, Klein Pelagiese Vis, Patagoniese Tandvis, Suidkus-kreef, KwaZulu-Natal Steurgarnaalvangs, Langlyn Stokvis, Weskus Kreef (Aflandig), Pylinkvis, Handlyn Tuna, Seegras, Demersal Haai, Handlyn Stokvis, Weskus Kreef (Naby kus), Tradisionele Lynvisoesters, Witmossels, Netvangste (Trek en kiefnette en Beach Seine), KwaZulu-Natal Beach Seine en die Kleinskaalse Visvangsektor sector.

(b) Die toekenning van regte om visverwerkingsondernemings te bedryf.

(c) Die beheer van permitgebaseerde visserye en nie-verbruiker marine aktiwiteite soos onderwater fotografie.

3. Beginsels en Doelstellings

3.1 Die beginsels en doelstellings van die Algemene Beleid, tesame met die Vissery-spesifieke beleide, is:

(a) die bevordering van voedsel-veiligheid en sosio-ekonomiese ontwikkeling deur die volhoubare benutting van vissery bronne;

(b) die bevordering van transformasie, uitbreiding van betekenisvolle deelname (verhoogde deelname, waardeskepping, skakeling) en groei in die vissery-sektor;

(c) die ondersteuning en ontwikkeling van regulerende en bestuursmeganismes om die volhoubaarheid van gebruik/benutting van vissery-bronne te bevorder;

(d) om erkenning, beskerming en ondersteuning te verleen aan kleinskaalse vissers;

(e) om erkenning van die interafhanklikheid van sosiale, kulturele, ekonomiese en ekologiese dimensies van kleinskaalse visserystelsels te bevorder;

(f) te slaag in die inkorporering van ‘n gemeenskapsgebaseerde benadering tot die toekenning van mariene lewende hulpbronne;

(h) die toekenning van hulpbronne deur middel van ‘n multi-spesie benadering te bevorder;

(i) om die volhoubare ontwikkeling van visserye geïdentifiseer as kleinskaals te verseker, asook die versekering dat kleinskaalse vissery-gemeenskappe se voordeel van genoemde hulpbronne uitgebrei word en hulle die hoofbegunstigdes is;

(j) die instel van maatreëls en meganismes wat voorkeur verleen aan die kleinskaalse visserye in die vissery-sektor;

(k) die instel van maatreëls en meganismes wat ’n gemeenskapsoriëntasie, mede-bestuur en gemeenskapsgebaseerde benadering bevorder in die ontginning en bestuur van mariene lewende hulpbronne binne die kleinskaalse vissery sektor.

4. Sleutel Regeringsbeleid

4.1 Die Algemene en Vissery-spesifieke beleide word vervat in die regering se sleutelbeleide, naamlik die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan (GGOP) vir landbou, bosbou en vissery se Nuwe

Groei Rigting (NGR), die Industriële Beleidsaksieplan (IBAP) en die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (OLOP).

4.1.1 Die Nasionale Ontwikkelingsplan

4.1.1.1 Die Nasionale Ontwikkelings Plan (NOP) bied ‘n langtermyn perspektief. Dit omskryf ‘n gewenste bestemming en identifiseer die rolle wat die verskillende sektore behoort te speel om daardie doel te bereik. Die NOP het ten doel om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Na aanleiding van die plan kan Suid-Afrika hierdie doelwitte bereik deur gebruik te maak van die vermoëns van sy eie mense, die skepping van ‘n omvattende ekonomie, die uitbreiding van bekwaamhede, verhoging in die kapasiteit van die staat, en die bevordering van leierskap en vennootskappe regdeur die land.

4.1.2 Die Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan (GGOP) vir Landbou, Bosbou en Visserye

4.1.2.1 Die GGOP voorsien ‘n strukturele uitkyk op die huidige omstandighede in die vissery-sektore en die uitdagings is duidelik. Verderaan beskryf dit die doelstellings en aksies wat nodig is om Suid-Afrika se visie met betrekking tot die beheer van visserye wat sal lei tot die versekering van ‘n produktiewe en volhoubare sektor.

4.1.3 Die Nuwe Groeirigting (NGR)

4.1.3.1 Die New Groeirigting voorsien duidelike, verbeeldingryke en effektiewe strategieë om die miljoene nuwe werksgeleenthede te skep wat Suid-Afrika benodig. Dit gee ook ‘n dinamiese uitkyk op die gesamentlike bewerkstelliging van ‘n meer ontwikkelde, demokratiese, samewerkende en regverdige ekonomie en gemeenskap oor die medium termyn in die konteks van volhoubare groei. Die stategie bevat bakens wat van uiterste belang is vir werkskepping en groei, en identifiseer areas waar verandering benodig word in die struktuur en karakter van

produksie om sodoende ‘n meer inklusiewe en groener ekonomie oor die medium- tot langtermyn daar te stel.

4.1.4 Die 2012 Industriële Beleidsaksieplan (IBAP)

4.1.4.1 Die oogmerk van ingryping deur die Regering soos uiteengesit in die Nasionale Ontwikkelingsplan Visie 2030, die NGR en ander beleidsdokumente is om die kritiese stappe in ondersteuning van die herstrukturering van die ekonomie te verseker om sodoende ‘n groeirigting daar te stel wat meer waarde toevoeg en meer arbeidsintensief is.

4.1.5 Die Omvattende Landelike Ontwikkelingsplan

4.1.5.1 Die OLOP is ‘n strategiese prioriteit in die Medium-Termyn Strategiese Raamwerk (MTSR) van die regering. Die ontwikkeling van die program is geskoei op ondervinding wat opgedoen is in loodsaanlegte gekeur deur die sosio-ekonomiese profiel, gemeenskap samewerkingsprosesse en inter-regering samewerking.

4.1.5.2 Die OLOP is verskillend van vorige regeringstrategieë in landelike gebiede deurdat dit gebaseer is op ‘n benadering van proaktiewe gemeenskap-samewerking eerder as ‘n ingrypingsbenadering tot landelike ontwikkeling. Die mikpunt is ‘n effektiewe reaksie op armoede en die onveiligheid voedsel deur die maksimalisering van die gebruik en beheer van natuurlike hulpbronne in die daarstelling van lewendige, regverdige en volhoubare landelike gemeenskappe.

4.1.5.3 Die OLOP moet die lewenstandaard en welsyn verbeter en die onregverdigheid van die verlede herstel deur ingryping gebaseer op regte en deur ongelykheid in die verspreiding en eienaarskap van rykdom en bates aan te spreek.

4.1.5.4 Die strategiese oogmerk van die OLOP is dus om geïntegreerde ontwikkeling en sosiale samewerking te vergemaklik deur ‘n deelnemende benadering en deelgenootskap met alle sektors van die gemeenskap.

DEEL B: TOEKENNINGSBEGINSELS EN PROSES

5. Die Toekenning van Visvangregte

5.1 Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne Wet 18 van 1998

5.1.1 Die transformasie van die visserybedryf is grondwetlik en wetlik gebiedend noodsaaklik. Die primêre rolspeler in die bevordering van die transformasie van die Suid-Afrikaanse visserybedryf is die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne Wet 18 van 1998 (die "WMLH").

5.1.2 'n Verdere belangrike oogmerk van die WMLH is om voorsiening te maak vir die ordelike ontginning van lewende mariene hulpbronne, en voorsiening te maak vir die toepassing van kontrole oor lewende mariene hulpbronne op 'n regverdige en billike wyse tot die voordeel van alle Suid-Afrikaanse burgers.

5.2 Die wetlike aard van Visvangregte

5.2.1 Die "*visvangregte*" toegeken deur die WMLH is nie eiendomsregte nie, en behoort verstaan te word as 'n statutêre vergunning om lewende mariene hulpbronne te ontgin vir 'n spesifieke periode van tyd. Dienooreenkomstig beteken die kansellasie of herroeping daarvan nie die onteiening van 'n eiendomsreg binne die bedoeling van artikel 25 van die Grondwet of die Wet op Onteiening Wet 63 van 1975 nie. Dit blyk duidelik uit artikel 18(6) van die WMLH wat voorsien dat 'n visvangreg geldig is vir die periode vasgestel deur die Minister (of sy afgevaardigde) waarna dit outomaties teruggaan na die Staat toe.

5.2.2 'n Visvang word aan 'n spesifieke persoon of entiteit toegeken in terme van artikel 21 van die WMLH. Hierdie reg is nie oordraagbaar sonder die toestemming van die Minster of sy afgevaardigde nie. By die afsterwe, sekwestrasie of likwidasie van die regtehouer berus die regte op onderskeidelik die eksekuteur, trustee of likwidateur, en mag die regte verder benut word vir die periode van tyd soos bepaal deur die toepaslike wetlike bepalings.

5.2.3 Enige oordrag van die vissersreg na ‘n derde party of die verkoop van aandele of ledebelang wat ‘n verandering in bestuur van die maatskappy/beslote korporasie tot gevolg het, of wat daartoe lei dat die maatskappy/beslote korporasie nie van gedaante verwissel op die datum wat die vissersreg toegeken word nie, sal so ‘n aansoek vooraf skriftelike toestemming deur die Minister benodig.

5.3 Kerntoekenning en Bestuursoorwegings

Hierdie Algemene beleid en die Vissery-spesifieke beleide is gebaseer op die volgende beginsels wat rigtingwysers is vir die toekenning en bestuur van visvangregte.

5.3.1 Transformasie

(a) Die WLMH vereis dat besluitnemers sal ag slaan op die nodigheid daarvan om die vissersbedryf te herstruktureer sodat historiese ongelykhede aangespreek kan word en om gelykvormigheid binne all sektore van die vissersbedryf te bewerkstellig. Transformasie is ook ‘n grondwetlike noodsaaklikheid in Suid-Afrika.

(b) Die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging Wet 53 van 2003 is een van ‘n aantal statutêre instrumente wat uitvoering gee aan hierdie grondwetlike noodsaaklikheid. Hierdie Wet maak voorsiening dat die Minister van Handel en Nywerheid deur kennisgewing in die *Staatskoerant* gedragskodes vir gesonde praktyke in swart ekonomiese bemagtiging mag uitvaardig. Die gedragskode maak voorsiening vir ‘n “*ewewigtige puntelys*” vir die byhou van vooruitgang en status binne ondernemings sowel as die aanneming van transformasie stigtingsakte vir spesifieke ekonomiese sektore deur die grootste aandeelhouers van daardie sektore.

(c) Die Wet en die kodes was in ag geneem by die ontwikkeling van hierdie beleid en die vissery-spesifieke beleide. Desnieteenstaande, as gevolg van die aard van die toekenningsproses van visvangregte, het die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye nie die toekenningskriteria en oogmerke wat in die kodes

vervat is met betrekking tot eienaarskap en bestuur, aanvaar nie. Wanneer visvangregte toegeken word, moet die afgevaardigde outoriteit eerder die aansoekers met mekaar as om eksterne oogmerke te oorweeg.

(d) Transformasie is 'n uiters belangrike oorweging in hierdie vergelykende balanseringsproses. Die proses is mededingend en geen "*beginpunt*" kan vooraf vasgestel word nie. In 'n sektor wat nie genoegsaam getransformeer is nie, sal aansoekers met 'n hoër transformasie-keuringspunt as ander altyd 'n beter kans staan om regte toegeken te word of 'n groter gedeelte kry van die beskikbare TOV of TTV. Die beleid is dat in so 'n mededingende vergelykende proses, die aanneming van 'n handves of beginpunte nie altyd die gepaste hulpmiddel is tot verdere transformasie nie.

(e) Die beleid is om transformasie te bevorder en om vlakke van transformasie in die vissersbedryf te verbeter. Slegs gehalte-transformasie sal oorweeg word, dit is, transformasie wat egte voordele vir histories-benadeelde persone tot gevolg het. Mense was histories benadeel in die vissersbedryf op grond van hulle ras en geslag met betrekking tot toegangsregte. As gevolg hiervan is dit nodig dat al diesulke histories-benadeelde persone binne alle takke van die vissersbedryf aangemoedig word om deel te neem. Dit is ook nodig om historiese ongelykhede aan te spreek en sodat gelykheid binne die visvangbedryf te bereik.

(f) In die toekenningsproses sal die ras en geslag van aansoekers, en in die geval van regsgeleerde persone, die ras en geslag van die aansoeker se aandeelhouers of lede, bestuur, leweransiers en arbeidsmag, ook in ag geneem word. Verder hiertoe sal korporatiewe sosiale investering ook in ag geneem word.

(g) Voordelige eienaarskap van die aansoeker deur swart mense, in die vorm van onbeperkte stemreg en ekonomiese belang gepaard met billike eienaarskap, sal bereken word en in ag geneem word. By die vasstelling of stemregte en

ekonomiese belang "*onbeperk*" is, mag die afgevaardigde outoriteite oorweging skenk aan die Kode 100 van die Breë-gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingswet. Die toekenningskriteria in die Kode sal nie gebruik word nie.

(h) Addisionele punte mag toegeken word aan sodanige applikante wat geslaag het in die bemagtiging van werknemers deur werktrusts, mits die applikant kan bewys dat die werknemers werklik voordeel (soos dividende, trustees of mede-bestuur) van die trust ontvang het. Die afgevaardigde outoriteit mag 'n vlak van transformasie daarstel om die maksimum aantal punte vir swart eienaarskap te behaal. Die maksimum aantal punte vir eienaarskap deur swartmense sal dan toegeken word aan aansoekers wat daardie vlak behaal het.

(i) Die senior of uitvoerende besetuur van 'n applikant/entiteit deur swart persone sal in aanmerking geneem word. Senior of uitvoerende bestuur in die algemeen bedoel persone wat verantwoordelik is om leiding te gee in strategiese aktiwiteite van die maatskappy en wat direk rapporteer aan die besturende direkteur of die Raad. Vir die doel van die proses van regte-toekenning, sal die bestuur van die aansoeker op drie maniere beoordeel word. Eerstens, die data wat voorgelê word in billike arbeidsverslae sal oorweeg word, indien beskikbaar. Indien nie beskikbaar nie, sal aansoekers versoek word om soortgelyke data te verskaf. Tweedens, die samestelling van die Raad van Direkteure sal in ag geneem word. Derdens, daar sal van applikante vereis word om data met betrekking tot die hoogs besoldigde salaristrekkers van die applikant voor te lê.

5.3.2 Sosio-ekonomiese en ekonomiese oorwegings

Die sosio-ekonomiese impak van toekennings op vissersgemeenskappe, werkers en verbruikers word in ag geneem, meer spesifiek daardie gemeenskappe en individue wat afhanklik is van lewende mariene hulpbronne vir hulle alledaagse bestaan.

Kommersiële oorwegings, insluitend die aard en waarde van beleggings in vaste bates, bemarking en ontwikkeling en visvang kapasiteit word in oorweging geneem.

Die bevordering van die globale mededinging van die Suid-Afrikaanse vissery-bedryf is ‘n belangrike oorweging.

Die voorkoming of anti-mededinging in die visery-bedryf is ‘n belangrike oorweging.

5.3.4 Biologiese oorwegings

Die impak op die teikenspesies moet oorweeg word. Dit word hoofsaaklik gedoen deur die toekenning van ‘n Totale Toelaatbare Vangs (“TTV”) of ‘n Totale Ontplooide Vangspoging (“TOV”), of beide.

5.3.5 Ekosisteem Benadering tot Vissery-Beheer (EBV)

Die beheer van EBV is gebaseer op twee hoofbegingsels, nl handhawing en bevordering van ‘n gesonde ekosisteem en die balansering van uiteenlopende gemeenskapsbehoeftes en waardes.

5.3.6 Werkverrigting of potensiaal om te presteer

Ekonomiese groei en ontwikkeling, werkskepping, landelike ontwikkeling, volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne, voedselsekerheid, waarde-toevoeging, ondernemingsontwikkeling and werkskepping, sowel as nakoming van die WLMH, die Regulasies, permitvoorwaardes en ander wetlike voorskrifte, word oorweeg.

5.4. Proses van Toekenning Bepaal Deur Groepe

Vir die doel van die proses van regte-toekenning, word die vissery-sektore saam gegroepeer in vier groepe om aansoeke vir visvangregte te beoordeel. Die doel daarvan om visserye saam te groepeer is administratief, prosessueel en, in 'n mindere mate, wesenlik. Nietemin mag verskillende kriteria en toekennings-kriteria toegepas word op sektors wat in dieselfde groep val. Die groepe is: **Groepe A, B, C en D**.

(a) Groep A

Diepsee Stokvis Treilvissery
Aanlandige Stokvis Treilvissery
Marsbanker
Klein Pelagiese Vis
Patagoniese Tandvis
Suidkus-kreef
KwaZulu-Natal Steurgarnaalvangs

(b) Groep B

Langlyn Stokvis
Weskus Kreef (Aflandig)
Pylinkvis
Handlyn Tuna
Seegras
Demersal Haai

(c) Groep C

Handlyn Stokvis
Weskus Kreef (Naby kus)
Tradisionele Lynvis

(d) Groep D

Netvangste (Trek en kiefnette en Beach Seine)

KwaZulu-Natal Beach Seine

Oesters

Witmossels,

5.4.1 Groepe A en B

(a) Die toekenning van kwantum in die A en B groep sektore word behandel in die sektor-spesifieke beleide. Die volgende beginsels sal toegepas word in die toekenning van kwantum:

(i) Die afgevaardigde outoriteite moet ‘n minimum aantal vasstel wat aan applikante toegeken kan word.

(ii) Dit is regeringsbeleid om klein, mikro en medium ondernemings (KMMO) en breë-gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging te ondersteun. Die afgevaardigde outoroteit moet ‘n redelike aantal van die TOV/TTV toeken aan KMMO’s. By oorweging van die toekenning aan KMMO’s, moet die afgevaardigde outoriteite die aard van die vissery en die vlak van transformasie in ag neem. In visserye wat genoegsaam getransformeer is en verteenwoordigend is van KMMO’s, mag verspreiding onnodig wees.

(iii) In visserye wat kapitaal-intensief is en wat dienooreenkomstig nie ideaal gesien geskik is vir KMMO ontwikkeling nie, moet die afgevaardigde outoriteite ten minste 10% van die TOV en TTV toeken aan applikante wat wel getransformeer het en goed presteer in ‘n sektor.

(b) Verder tot bogenoemde beginsels, mag die afgevaardigde outoriteite kwantum toeken op grond van kriteria wat die bedoeling het om oogmerke te bereik soos uiteengesit in die onderskeie sektor se beleide, soos transformasie en prestasie. Hierdie kriteria moet ontwerp word op ‘n wyse wat sal verseker dat alle suksesvolle applikante, ongeag grootte, sal voordeel trek indien hulle voldoen aan die kriteria.

5.4.2 Groepe C en D

(a) Aan suksesvolle aansoekers in die **Groep C en D** sektor sal ‘n vasgestelde aantal van die beskikbare TOV en TTV toegeken word.

5.5 Voorlopige lyste

5.5.1 Die afgevaardigde outorieit mag voorlopige lyste uitreik vir kommentaar oor enige aspek in enige sektor.

5.5.2 Die afgevaardigde outoriteit mag kommentaar versoek oor of die voorlopige suksesvolle aansoekers afhanklik is van die hulpbron en op die basis van die kommentaar wat ontvang word, ‘n finale beslissing maak.

5.5.3 Die afgevaardigde outoriteite mag voorleggings versoek ten opsigte van die oorweging van aansoeke voordat finale beslissings gemaak word.

5.5.4 Die afgevaardigde outoriteite mag konsulteer met belanghebbende en geaffekteerde partye oor die metode van toekenning van kwantum of beywering voordat enige besluite geneem word.

5.6 Multi-sektorale Betrokkenheid

In die algemeen is dit nie ‘n beleidsoogmerk om die hou van regte in meer as een vissery uit te sluit of af te raai nie.

5.7 Deelname van Aansoekers

5.7.1 Dit sal ‘n voorvereiste wees dat applikante betrokke moet wees in die volle waardeketting van die vissery-bedryf.

5.8 Ontwerp van toekenningskriteria

5.8.1 Inligting wat deur aansoekers voorgelê word sal op ‘n databasis vasgelê word. Die beleide, databasis en inligting wat voorgelê word deur middel van aanhangsels sal dan gebruik word vir die ontwikkeling van gedetailleerde toekenningskriteria vir elke sektor vir die doel van die oorweging van aansoeke en daarna, die toekenning van kwantum of inspanning.

5.9 Inligtingsoorweging

5.9.1 Die benadering wat hieronder uiteengesit word, sal aangeneem word deur die afgevaardigde outoriteit en die appèlowerheid ten opsigte van inligting wat in ag geneem moet word by die oorweging van die aansoeke.

(a) Dele van aansoekvorm nie voltooi nie

Behalwe indien anders aangedui, as ‘n deel van die aansoekvorm nie voltooi is nie, sal dit aanvaar word dat daardie deel van die vorm nie van toepassing is op die applikant nie. As die seksie positiewe punte bevat ten opsigte van die antwoord, sal geen punte toegeken word nie. ‘n Spesifieke ikon sal gebruik word om aan te dui waar, indien onvoltooid, ‘n antwoord wat nadelig vir die applikant is, veronderstel kan word.

(b) Laat inligting

Inligting wat verskaf word na die sluitingsdatum sal nie oorweeg word nie, behalwe op versoek van die Visvangregte Ondersoekspan, die afgevaardigde outoriteit of die Minister as deel van die toekenning van regte of die appèlprosedure. Die benadering tot die voorlegging van addisionele inligting op appèl word hieronder beskryf.

(c) Inligting van eksterne bronne

Nadelige inligting met betrekking tot 'n aansoek wat ontvang word van eksterne bronne sal nie in oorweging geneem word deur die Minister of die afgevaardigde outoriteit nie, behalwe as die applikant die geleentheid gegun word om voorleggings te maak rakende daardie inligting.

(**d) Gebruik van Departementele databasisse**

Die Minister of die afgevaardigde outoriteit mag gebruik maak van inligting wat vervat is in die Departement se eie databasis gedurende die proses van langtermyn toekenning van regte, maar sal dit slegs doen indien applikante die geleentheid gegun word om voorleggings te maak aangaande die korrektheid van die data.

(e) Verskaffing van vals inligting of dokumente en nie-openbaarmaking

Van applikante of hul gemagtigde verteenwoordigers word, onder andere, vereis om 'n verklaring af te lê voor 'n kommissaris van ede dat hulle nie vals inligting of vals dokumentasie voorgelê het nie, en dat hulle nie versuim het om wesenlike inligting bekend te maak nie. Die voorlegging van vals inligting of vals dokumentasie of die versuim om wesenlike inligting bekend te maak sal dien as onafhanklike grond vir die afkeur van 'n aansoek. Dit sal aanvaar word dat 'n aansoeker vals inligting voorgelê het indien daar 'n wesenlike teenstrydigheid is tussen die inligting verskaf deur die aansoeker en die inligting wat op die databasisse van die Departement vervat is en waar beide weergawes nie korrek kan wees nie. Dit sal verder aanvaar word dat 'n applikant vals inligting verskaf

het wanneer daar ‘n wesenlike teenstrydigheid is tussen die inligting verskaf deur die aansoeker in die oorspronklike aansoek en inligting wat deur die applikant tydens appèl verskaf word, en waar beide weergawes nie korrek kan wees nie. Verder tot bogenoemde is die aflegging van ‘n vals verklaring onder eed, terwyl kennis gedra word dat dit vals is, ‘n misdryf.

5.10 Oproep tot verdere inligting, ondersoeke en konsultasie

5.10.1 Die Minister of die afgevaardigde outoriteit mag applikante versoek om mondelinge voorleggings te maak of om verdere skriftelike inligting te verskaf indien daar onsekerheid bestaan betreffende ‘n wesenlike aspek in ‘n aansienlike aantal aansoeke. Indien mondelinge verhore gehou word, sal regs-verteenwoordigers toegelaat word om die Minister of die afgevaardigde outoriteit toe te spreek.

5.10.2 Die Minister of die afgevaardigde outoriteit mag die Visvangregte Ondersoekspan versoek om enige saak te ondersoek, insluitende die korrektheid van inligting wat verskaf is. Aansoekers moet samewerking gee met ondersoekers deur betyds te antwoord op skriftelike versoeke vir inligting of verduidelikings, deur vergaderings by te woon met ondersoekers, deur vrae bevredigend te antwoord op sulke vergaderings, en indien nodig, deur ondersoekers toegang tot persele, vaartuie en dokumente te gee. Versuim om samewerking te gee sal ‘n onafhanklike grond wees vir die weiering van die aansoek.

5.11 Ondersteuning vir gedelegeerde gesag

5.11.1 Die afgevaardigde outoriteit verantwoordelik vir die besluite oor die aansoeke in ‘n sektor mag ondersteun word deur ‘n “Visvangregte Assesseringspaneel”, en ook deur professionele projekbestuurders, konsultante en regspraktisyns.

5.11.2 Die rol van die Visvangregte Assesseringspaneel sal deur die afgevaardigde outoriteit bepaal word. Die Visvangregte Assesseringspaneel mag versoek word om ondersteuning te verleen in die assessering van die aansoeke onder toesig van, en in ooreenstemming met die toekenningskriteria vasgestel deur die afgevaardigde outoriteit.

5.12 Kennisgewing van besluite en redes

5.12.1 Nadat die afgevaardigde outoriteit besluite geneem het rakende die toekenning van regte en kwantum of beywering, sal die Departement 'n aansoeker skriftelik van die besluit oor die aansoek inlig.

5.12.2 Verder, die Departement sal die uitslae elektronies publiseer en kommunikeer deur erkende nywerheidsliggame en belangegroepe.

5.13 Appèlle

5.13.1 Elke aansoeker sal die reg hê om te appelleer teen die bevindings van die afgevaardigde outoriteit. Appèl mag aangeteken teen die weiering om ‘n reg toe te ken of teen die besluit oor kwantum of beywering. Besonderhede aangaande die voorlegging van appèlle sal vervat word in die kennisgewing.

5.13.2 Die appèlowerheid sal die feite, soos weergegee tydens die sluitingsdatum vir aansoeke, oorweeg en sal geen feite oorweeg wat daarna ontstaan het nie. Byvoorbeeld, indien ‘n aansoeker ‘n belegging maak in ‘n vaartuig na die sluitingsdatum vir aansoeke sal daardie feit nie in aanmerking geneem word by die oorweging van die appèl nie.

5.13.3 Wanneer ‘n besluit geneem is, sal die aansoeker skriftelike in kennis gestel word van die appèlowerheid se besluit.

5.14 Toegang tot Inligting

5.14.1 Die volgende rekords sal outomaties beskikbaar wees vir inspeksie of aanskaffing teen ‘n voorgestelde tarief nadat die uitslae bekend gemaak is:

(a) Enige telkaart, ontledingstaat of ander dokument wat deur die afgevaardigde outoriteit, die Minister of hulle assistente gebruik is by die oorweging van die aansoeke; en

(b) By versoek van die aansoeker of sy gemagtigde verteenwoordiger, die aansoeker se eie aansoek of appèl dokumentasie.

5.14.2 Versoeke vir toegang tot die volgende rekords sal behandel word onder die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000:

(a) Die aansoekvorm van ‘n ander aansoeker;

(b) Die aanhangsels ingedien tesame met die aansoek van ‘n ander aansoeker;

(c) Appèldokumentasie wat deur ‘n ander aansoeker voorgelê is;

(d) Ten opsigte van toegang tot hierdie rekords, sal die Inligtingsbeampte van die Departement die bepalings en voorwaardes van die WBTI toepas.

(e) Ten einde behulpsaam te wees met die administrasie van toegang tot inligting van aansoeke sal aansoekers versoek om sekere dokumentasie in ‘n aparte lêer voor te lê ten opsigte waarvan die Inligtingsbeampte toegang mag weier, byvoorbeeld diesulkes wat betrekking het op aansoekers se visvang-oogmerk, bemarkingskema en finansiële state.

6. Kriteria Gebruik in die Besluitnemingsproses oor toekenning van regte

6.1 Die beleide en die databasis saamgestel na die aansoeke ontvang is, sal gebruik word om meer verfynde kriteria en toekenningskriteria te ontwikkel vir die doel van oorweging van aansoeke. Hierdie kriteria word ontwikkel met verwysing na data ontvang na die sluitingsdatum en sal gevolglik nie beskikbaar gestel word voor die proses van toekenning nie.

6.2 Die Departement verwag ‘n groot aantal aansoeke vir visvangregte en voorsien dat, gegewe die huidige perke vir vangste of beywering in alle visserye, nie alle applikante regte toegestaan sal word nie. Sommige aansoekers sal afgekeur word aangesien hulle nie voldoen aan die nodige vereistes nie. Die res sal geklassifiseer word op grond van ‘n objektiewe kriteriastel ten einde die beste aansoekers in terme van beleide en toekenningskriteria te identifiseer. Die proses is mededingend en die doel is om die beste aansoekers te identifiseer. Die Kleinskaalse Visserysektor sal egter verskillend beoordeel word.

6.3 Vier soorte kriteria sal gebruik word in die beoordeling van die aansoeke. Aansoeke sal gekeur word in terme van ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”, en daarna beoordeel word in terme van ‘n stel “*gebalanseerde toekenningskriteria*”. Verder hiertoe, en in sekere sektore, mag die afgevaardigde outoriteit een of meer “*valbyl-faktore*” aanwend ten einde ‘n besluit te neem indien daar te veel aansoekers met dieselfde punte het. A gedeelte van die TOV en TTV sal dan toegeken word aan elke suksesvolle applikant in terme van ‘n stel “*kwantum of beyweringskriteria*”.

6.4 Uitsluitingskriteria

6.4.1 Die volgende tipes uitsluitingskriteria sal toegepas word:

(a) ‘n Aansoek sal nagegaan word om vas te stel of dit behoorlik ingedien was. ‘n Aansoek is onbehoorlik ingedien indien dit laat ontvang was; indien die aansoeker geen betaling of kort betaling of laat betaling van die aansoekersfooi gedoen het; of indien dit ingedien was op ‘n wyse wat teenstrydig is met die voorskrifte, soos per faks, of op ‘n vorm anders as op die amptelike voorgeskrewe aansoekvorm. Die afgevaardigde outoriteit en die Minister het geen diskresie om nie-nakoming van die indieningsvoorskrifte te kondoneer nie.

(b) ‘n Aansoek sal nagegaan word om vas te stel of dit wesenlik gebrekkig is. ‘n Aansoek is wesenlik gebrekkig indien die verklaring nie geteken is deur die applikant, of indien die aansoeker se verklaring nie deur ‘n kommissaris van ede bekragtig is nie, of indien meer as een aansoek ontvang was van die applikant vir ‘n visvangreg in dieselfde sektor, of indien die applikant vals inligting of vals dokumentasie verskaf het, of versuim het om wesenlike inligting openbaar te maak, of die Minister of afgevaardigde tydens die aansoek probeer beïnvloed het, anders as op die wyse soos voorsiening gemaak in die Algemene Beleid.

(c) ‘n Aansoek sal nagegaan word om vas te stel of die aansoeker onderwerp was aan ‘n Artikel 28-proses in terme van die WLMH wat gelei het tot die herroeping of kansellasie of opskorting of verandering in voorwaardes van ‘n reg wat deur sogenaamde applikant gehou word.

(d) In Groep A word van onafhanklike ouditeure verwag om sekere antwoorde wat deur die applikant gegee is, te verifieer en om bereid te wees om ‘n verslag in hierdie verband te onderteken. Indien die aansoeker staat maak op inligting wat deur houermaatskappye of ander lede van ‘n groep maatskappye of deur samewerkingsvennote verskaf is, word van die gemagtigde verteenwoordigers van hierdie entiteite ook verwag om te teken en ‘n verklaring af te lê. Die aansoek sal ook wesenlik defektief wees indien ‘n verslag van die onafhanklike

ouditeur nie verskaf en geteken (indien van toepassing) is, of indien die verklaring of die gemagtigde verteenwoordiger of die houermaatskappy, lid van ‘n groep maatskappye of samewerkingsvennoot nie geteken en beëdig is nie. Die afgevaardigde outoriteit en die Minister het geen diskresie om nie-nakoming van die voorskrifte met betrekking tot wesenlike gebrekkige aansoeke te kondoneer nie.

(e) ‘n Aansoek sal nagegaan word om vas te stel of ‘n aansoeker beskik oor die minimum noodsaaklike vereistes vir deelname aan die sektor. Die afgevaardigde outoriteit en die Minister het geen diskresie om nie-nakoming van ‘n noodsaaklike voorskrif vir deelname in die sektor te kondoneer nie. Die noodsaaklike voorskrifte verskil van sektor tot sektor.

6.5 Balanseringskriteria

6.5.1 Aansoeke wat behoorlik ingedien is, nie wesenlik gebrekkig is nie en wat voldoen aan die noodsaaklike vereistes sal beoordeel word in terme van ‘n stel balanseringskriteria (“*die balanseringskriteria*”).

6.5.2 Die balanseringskriteria sal toegepas word by die beoordeling van aansoekers. Sommige van hierdie kriteria, soos byvoorbeeld transformasie, sal regdeur alle sektore van toepassing wees, terwyl ander sektor-spesifiek sal wees. Die aansoeke van huidige regtehouers sal nie beoordeel word in terme van dieselfde kriteria en toekenning as potensiële nuwe toetreders nie en sal apart beoordeel word.

6.5.3 Verskillende afsnypunte vir huidige regtehouers en potensiële nuwe toetreders sal vasgestel word. Alle aansoekers met ‘n telling gelyk aan of meer as die afsnypunte sal regte toegeken word.

6.6 Valbyl faktore

6.6.1 Indien daar te veel aansoekers met dieselfde puntetelling is, mag die afgevaardigde outoriteit valbyl-kriteria gebruik om sodoende te kies tussen die applikante met dieselfde punte.

6.6.2 Die valbyl faktore mag bestaan uit kriteria wat nie beoordeel is of beoordeelde kriteria met ‘n verskillende toepassing.

6.7 Kriteria gebruik in die toekenning van kwantum of beywering

6.7.1 Daar is twee afsonderlike besluite.

6.7.2 Na besluitneming om die suksesvolle aansoekers te identifiseer, sal die afgevaardigde outoriteit besluit oor die toekenning van kwantum of beywering vir elke suksesvolle aansoeker in ooreenstemming met die beleid.

DEEL C: OORKRUIS BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN REGTE

7.1 Duur van regte

7.1.1 Visvangregte sal toegeken word in alle vissserysektore vir ‘n periode op tot 15 jaar.

7.1.2 Die duur van regte sal bepaal word deur, onder andere, die vlak van transformasie in die vissery, die huidige kennis van die biologiese status van die teiken spesies; die kapitale intensiteit van die vissery en die nodigheid om verdere belegging en ekonomiese groei aan te moedig, en die prestasie van die deelnemers in die vissery.

7.2 Vorm van regte-houer

7.2.1 Artikel 18 van die WLMH bepaal dat slegs Suid-Afrikaanse persone vissersregte mag hou.

7.2.2 Die volgende Suid-Afrikaanse persone sal oorweeg word:

(a) ‘n maatskappy;

(b) ’n beslote korporasie;

(c) ‘n trust;

(d) ‘n koöperatief gestig in terme van die Kleinskaalse Vissery beleid; en

(e) ‘n vereniging vir gemeenskaplike eiendom gestig in terme van die Kleinskaalse Vissery beleid.

7.3 Billike Arbeidspraktyk

7.3.1 Aansoekers wat wetlik verplig word om te voldoen aan die Wet op Gelyke Indiensneming Wet 55 van 1998 moet aantoon dat hulle voldoen.

7.3.2 Die aantal swart persone en vroue wat in diens van die aansoeker is mag ook ‘n balanseringskriteria wees. Meer punte sal toegeken word aan swartes en vroue wat op die hoër inkomste kerwe van die aansoeker se salarisstruktuur is, of wat in professionele of geskoolde poste is as diegene op laer inkomste kerwe en

ongeskoolde poste. Byvoorbeeld, aansoekers mag versoek word om te spesifiseer watter persentasie van swart persone of vroue val in die top 10% van hulle salaristrekkers, tussen die top 10% en die top 30%, tussen die top 30% en die top 50%, en onder die top 50%, of om te spesifiseer watter aantal swart persone en vroue in professionele of ander geskoolde poste is.

7.3.3 Meer punte sal toegeken word aan swart persone en vroue in die hoogs besoldigde kerwe as diegene in die laer besoldigde kerwe en meer punte sal toegeken word aan swart persone en vroue in geskoolde poste as ongeskoolde poste. Vanweë die rassestruktuur van die Suid-Afrikaanse werkplek mag verskille in besoldiging in ag geneem word.

7.4 Vaardigheidsontwikkeling

7.4.1 Daar sal van aansoekers vereis word om te bewys dat hulle voldoen aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling Wet 97 van 1998 en die Vaardigheidsontwikkeling heffings Wet, Wet 9 van 1999.

7.4.2 Indien ‘n aansoeker deelneem aan leerlingskap programme of meer as proporsioneel spandeer aan die opleiding van swart persone, mag hierdie faktor in oorweging geneem word.

7.5 Regstellende Aanstelling

7.5.1 Regstelling aanstelling (aanstelling vanaf swart maatskappye) mag oorweeg word as ‘n faktor.

7.6 Korporatiewe Sosiale Belegging

7.6.1 Die persentasie netto profyt wat aan korporatiewe sosiale beleggings bestee word, mag in ag geneem word.

7.6.2 Belasting-aftrekbare donasies sal in ag geneem word as deel van sosiale belegging, maar ander donasies mag ook oorweeg word.

7.7 Nuwe aansoekers

7.7.1 In die algmeen is daar weinig ruimte om addisionele toetreders te akkommodeer omdat die meeste van die visserye alreeds oorlaai is. Nietemin mag nuwe toetreders geakkkommodeer word deur die vervanging van onsuksesvolle aansoekers as regte-houers. Dit sal gedoen word indien huidige regte-houers gefaal het in betekenisvolle transformasie, of indien huidige regte-houers gefaal het om te presteer of genoegsaam te investeer, of indien die huidige beywring binne ‘n spesifieke vissery beskou te word as minder as optimaal.

7.7.2 Dis ‘n algemene reël dat die Departement nie ‘n regte-houer wie sy regte verkoop het of in enige vorm vervreemd het in ‘n vissery sal toelaat om dieselfde vissery weer in te skryf as ‘n nuwe aansoeker nie. Dieselfde geld vir beleggers of lede van beslote korporasie wie ‘n beduidende aandeel van die regte-houer verkoop het.

7.8 Papierkwotas

7.8.1 In die proses van die toekenning van regte sal die afgevaardigde outoriteit alle aansoekers uitsluit wat mag beskou word papierkwota risiko’s te wees. Vir hierdie doel sal die afgevaardigde outoriteit ‘n aansoeker beskou as ‘n “*papierkwota risiko*” indien daardie aansoeker geen beduidende voorneme het om te deel in die risiko van volle deelname in die sektor nie, spesifiek indien ‘n gevaar bestaan dat ‘n aansoeker nie aansoek gedoen het om die industrie te betree nie, maar om sekere finansiële voordeel te trek sonder direkte betrokkenheid in die hoof aktiwiteite wat geassosieer word en die uitbuiting van enige reg wat toegestaan mag word. By die bepaling of ‘n nuwe aansoeker so ‘n papierkwota risiko inhou, moet oorweging geskenk word aan die aansoeker se bates en toegang tot kapitaal en sy finansiële- en besigheidsplan en ondernemings.

7.8.2 Die afgevaardigde outoriteit moet strewe daarna om papierkwota aansoekers te verhoed om die visserybedryf binne te dring en om weg te doen met

papierkwotas wat tans regte hou. Papierkwotas ondermyn of omseil die oogmerke in die proses van toekenning van regte.

7.8.3 Afgevaardigde outoriteite sal ook huidige regte-houers uitsluit wat papierkwota-houers is. Vir hierdie doeleindes sal die afgevaardigde outoriteite papier kwotas beskou as huidige regte-houers met swak of nie-bestaande prestasierekords tesame met geen belegging of betrokkenheid.

7.8.4 Die afgevaardigde outoriteite sal ook uitsluit van "*papier kwota risiko's*" aansoekers wat beskou word as "fronte" vir ander begunstigdes. Voordoening ontstaan wanneer 'n aansoek gebring word deur 'n ander entiteit oom sodoende 'n beleidsoogmerk te omseil. 'n Voorbeeld is 'n aansoek wat gebring word deur 'n oënskynlik getransformeerde entiteit met die beodeling dat die hoof-voordele sal lei na 'n ongetransformeerde entiteit of individue wat nie swart persone is nie.

7.8.5 Die Departement sal die regte van regte-houers terugtrek wat blyk papierkwota-houers te wees.

7.8.6 As 'n reël sal die Departement visvangregte gehou deur regte-houers herroep indien hulle faal in die effektiewe toepassing van hulle regte.

7.9 Finansiële prestasie

7.9.1 Finansiële prestasie van die aansoeker mag beoordeel word in terme van 'n stel finansiële ratio's wat hulleself leen tot prestasiemeting wat gerugsteun word deur geouditeerde finansiële state.

7.9.2 Die finansiële state mag ook gebruik word om te bepaal wie die ware begunstigdes van die toekenning is ("volg-die-bok-beginsel") en om vas te stel of die regte-houer in die bedryf belê het.

7.10 Betaling van heffings

7.10.1 Van aansoekers sal verwag word om bewys te lewer dat hulle op datum is met betaling van hulle heffings op visvangste.

7.11 Nakoming

7.11.1 Aansoekers wat skuldig bevind word aan ernstige oortreding van die WLMH, die Regulasies, permitvoorwaardes en ander visvang-verwante oortredings mag uitgesluit word.

7.11.2 Minder ernstige oortredings, insluitend die betaling van skulderkenningsboetes mag oorweeg word as ‘n balanseringsmaatstaf.

7.11.3 Vaartuie wat gelys is op die negatiewe lys van enige Omgewingsorganisasie vir Streekvisserye (“OOSV”) sal nie toegelaat word om visvoorraad uit te haal nie. Aansoekers wat (in geheel of gedeeltelik) vaartuie besit of vaartuie nomineer wat negatief gelys is, sal afgekeur word.

7.12 Visvang prestasie

7.12.1 Die visvang presteasie van huidige regte-houers mag ondersoek word om vas te stel of so ‘n regte-houer aansoeker ‘n toewysing effektief uitgehaal het.

7.12.2 Aansoekers wat nie enige vis gedurende ‘n visvangseisoen uitgehaal het nie, of wie nie ‘n permit in ontvangs geneem het vir die duur van ‘n hele seisoen nie, mag uitgesluit word.

7.12.3 Onder-vangs en oor-vangs mag as balanseringskriteria gebruik word.

7.13 Belegging

7.13.1 Belegging in ‘n vaartuig wat genomineer is om die hulpbron en ander vaste bates te versamel sal erken word so lank as wat daardie belegging ‘n werklike voorneme toon om te deel in die risiko van deelname in die sektor.

7.13.2 Aandeelhouding in vaartuie teen ‘n minimale of geen koste aan die aansoeker nie sal nie oorweeg word as belegging nie.

7.13.3 Die vlak van belegging sal beoordeel word met verwysing na die kwantum wat gehou word deur ‘n aansoeker uit hoofde van ‘n visvangreg.

7.14 Waarde-toevoeging

7.14.1 *Waarde-toevoeging* bedoel daardie aktiwiteite wat kommesiële waarde byvoeg by vis, ongeag of daardie waarde verkry word op die Suid-Afrikaanse of internasionale mark.

7.14.2 Waarde-toevoeging mag beloon word omdat dit onder andere werkskepping en welvaart stimuleer.

7.15 Ondernemingsontwikkeling

7.15.1 Ondernemingsontwikkeling bedoel maatreëls om swart eienaarskap te vermeerder, asook bestuur en vaardighede in bestaande en nuwe ondernemings, insluitende beleggingsprogramme en toegang tot finansies.

7.15.2 Hierdie maatreëls mag beloon word op voorwaarde dat dit nie neerkom op beywering om die wetlike beskerming van werkers soos vervat in die arbeids-, gesondheids en veiligheidswette te omseil nie.

7.16 Werkskepping

7.16.1 ‘n Belangrike doelwit van die toekenning van visvangregte is om ‘n omgewing te skep wat bevorderlik is vir werkskepping, meer spesifiek die skepping van meer permanente en beter gehalte werksgeleenthede in die visvang bedryf.

7.16.2 Werksgeleenthede geskep deur regte-houers per ton toegeken en toename in werksgeleenthede as gevolg van die toekenning van visvangregte sal positief oorweeg word.

7.16.3 Die skepping van permanente indiensneming is verkieslik bo seisoenale indiensneming en seisoenale indiensneming is verkieslik bo kontrak indiensneming.

7.17 Plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geografiese oorwegings

7.17.1 Afgevaardigde outoriteite mag die aan-land-bring van vangste in vishawens buite die metropolitaanse gebiede beloon en sodoende plaaslike ekonomiese ontwikkeling bevorder.

7.17.2 Om te verseker dat alle visvang gemeenskappe deel in die lewende mariene hulpbronne, mag die afgevaardigde outoriteite gebruik maak van aan-land terreine as beoordelende of valbyl kriteria.

7.17.3 Aansoekers word aangemoed om vis aan-land te bring of te verwerk in hawens en in vissersgemeenskappe wat ekonomies onder druk is.

7.18 Vaartuie en vissery-inspanning

7.18.1 Daar kan van Aansoekers verwag word om te bewys dat hy reg tot toegang het na ‘n vaartuig geskik vir die uithaal van daardie spesifieke visbron of bronne. Alle vaartuie sal geregistreer moet word by die Departement ten einde beskou te word as ‘n vangs-vaartuig.

7.18.2 A geskikte vaartuig sal beskryf word in die toepaslike visvang-spesifieke beleid, maar die minimum vereistes vir geskiktheid sal wees:

(a) Suid-Afrikaanse gemerk (tensy ‘n uitsondering gemaak is in die Visvang beleid);

(b) Tensy vrygestel, toegerus met ‘n goedgekeurde en funksionele vaartuig-moniteringstelsel (“*VMS*”);

(c) Geregistreer deur die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsassosiasie as geskik vir visvang; en

(d) Nie gelys op enige RFMO negatiewe lys.

7.18.3 Die Departement sal van alle aansoekers om visvangregte verwag om die genomineerde vaartuig te gebruik vir uithaal van die bron. Veranderinge aan die vaartuig sal slegs in toepaslike gevalle toegelaat word.

7.18.4 'n Sleutel-element in die bestuur en bewaring van mariene hulpbronne is die beperking van toepaslike visvang beywering om optimale gebruikmaking van sodanige hulpbronne te verseker.

7.18.5 Die Departement is in die algemeen gekant teen enige verdere toename in vaartuig inspanning. Oorkapasiteit van 'n vaartuig word geag as een van die primêre bedreigings vir Suid-Afrikaanse vis hulpbronne. Dit plaas ook addisionele laste op die Departement, beide ten opsigte van monitering en afdwinging van die handhawing en bestuur van die uitbuiting van die hulpbron.

7.18.6 Onderhewig aan vissery-spesifieke beleide, word die gebruik van gesamentlike en oorkruis gebruik van vaartuie aangemoedig aangesien dit deurgaans meer effektiewe en doeltreffende gebruik van vaartuie in die seisoen tot gevolg sal hê. Aan die ander kant is dit so dat verouderende vaartuie vervang moet word, onder andere vir veiligheidsredes. Modernisering van die vloot sal onvermydelik lei tot 'n verhoging in vangs kapasiteit. Waar nodig sal beyweringsbeperkings ingestel word om beywering in te perk.

7.19 Veiligheid van personeel en bemanning

7.19.1 Van aansoekers sal verwag word om te bewys dat hulle voldoen aan die regulatoriese vereistes van die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheids-wet, Wet 5 van 1998 en die regulasie gepromulgeer in terme van die Handelskeepvaartwet, 57 van 1951.

7.19.2 Van aansoekers sal verwag word om te bewys dat hulle voldoen aan die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, Wet 130 van 1993. Aansoekers word verder herinner daaraan van die Departement se riglyne dat maatskappye dat van maatskappye vereis word om HIV/VIGS beleide te hê en hulle mag versoek word om sodanige beleide aan te heg aan aansoeke.

DEEL D: OORKRUIS BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN KWANTUM OF BEYWERING

8. Beleidsoorwegings

8.1 In die algemeen word die besluit oor die toekenning van kwantum en beywering afsonderlik geneem van die besluit oor die identifisering van suksesvolle aansoekers, alhoewel dit onderling verbind is.

DEEL E: BELEIDSOORWEGING

9. Beleidsoorweging

9.1 Die Departement is verbind tot deurlopende en voortdurende hersiening van die effektiwiteit van die Algemene Beleid en Vissery-spesifieke beleide in die aanspreek van sosio-ekonomiese en ekonomiese behoeftes in die visvang bedryf en gemeenskappe wat geraak word, asook die ekologiese volhoubaarheid van die bronne.

9.2 Navorsing en deurlopende monitering deur beide die Departement en die belanghebbendes sal ‘n belangrike rol speel in die identifisering van swakhede en gebreke in die beleide en die implementering daarvan.

9.3 Die Departement sal ‘n monitering en evalueringstelsel instel om te verseker dat waardevolle, betroubare en tydige terugvoer oor die effektiwiteit van die beleide aan die Departement en relevante belanghebbendes voorsien word.

10. WOORDELYS

10.1 “Aansoek periode” beteken die period beginnende vanaf die publikasie van die uitnodiging tot die aansoek vir ‘n kommersiële reg in die sektor tot op die datum wanneer die appèlowerheid finaal besluit het oor die appèlle in die sektor.

10.2 "Swart Mense/Persoon" [is ‘n algemene term] wat beteken Afrikane, Kleurling en Indiërs wie burgers van die Republiek van Suid-Afrika is van geboorte af of afstam of wie burgers geword het van die Republiek van Suid-Afrika deur naturalisasie

(a) voor 27 April1994 of

(b) op of na 27 April 1994 en wie geregtig sou wees om burgerskap te kry deur naturalisasie voor dié datum maar uitgesluit is daarvan as gevolg van apartheidsbeleide.

10.3 “Kodes vir Goeie Praktyk” beteken die SEB Kodes vir Goeie Praktyk wat gepubliseer is deur die Minister van Handel en Nywerheid in 2004 in terme van die Breëgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtingswet 53 van 2003.

10.4 “Departement” beteken die Departement of Landbou, Bosbou en Visserye

10.5 “Regte-Houer” beteken ‘n regte-houer wat ‘n visvangreg bekom het gedurende die periode 2005 – 2006 in die spesifieke sektor, of wat ‘n regte-houer geword het in die sektor deur middel van ‘n goedgekeurde oordrag van ‘n visvangreg.

10.6 “Minister” beteken die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

10.7 “Nuwe toetreder” beteken ‘n aansoeker wat nie ‘n regte-houer is in die spesifieke sektor waarvoor aansoek gedoen is nie.